Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Lees AL die instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**AKSENTE VIR AFRIKA**

*Pasop om te vinnig ’n oordeel te vel oor iemand wat met ’n ander aksent as joune praat*

1 Dalk dink jy die persoon is nie goed geskool nie. Dalk dink jy hy/sy is naïef, of dalk dink jy hy/sy is regtig dom, of die mens kom uit ’n laer sosio-ekonomiese klas en is so ’n bietjie agter die klip. En as die mens Afrikaans praat en die klem is op die verkeerde lettergrepe of woorde word anders uitgespreek as waaraan jy gewoond is, is jy ook gou om ’n oordeel te vel.

2 As jy iemand op sy uitspraak takseer, maak jy jou skuldig aan “aksentisme”: diskriminasie teenoor iemand met ’n vreemde aksent. Dit is net so erg soos rassisme en seksisme en diskriminasie op grond van seksuele voorkeur, ouderdom en geslag.

3 Dr. Alexander Baratta van die Universiteit van Manchester het 98 studente en personeel by verskillende universiteite en skole by sy navorsing, waarin hy allerlei vrae oor aksente en persepsies gevra het, betrek.

4 Hy het bevind mense sal probeer om hul aksente te verander wanneer hulle dink daar kan dalk op grond van hoe hulle praat teen hulle gediskrimineer word. Van die respondente het aangedui hulle is bang hulle sal nie ’n werk kry as hulle met ’n bepaalde aksent na ’n werkonderhoud toe gaan nie.

5 Dit kan egter tot nadeel van die individu wees as hy probeer om sy aksent te verander. Dit kan spanning in die hand werk en omdat mense kan voel hulle “verkoop uit”, kan dit hul selfbeeld skaad.

6 Talle Britte – soos talle Suid-Afrikaners – leef in twee taalregisters. Wanneer hulle by die werk is, praat hulle ’n meer “deftige” Engels, maar sodra hulle saans huis toe gaan, gryp hulle terug na die soort Engels waarmee hulle grootgeword het.

7 Christine Anthonissen, professor in linguistiek aan die Universiteit Stellenbosch, sê “jy kan jou gruwelik met ’n aksent misgis” as jy afleidings maak.

8 In een van haar studies word luisteraars blootgestel aan verskillende aksente en daarvolgens beoordeel hulle hoe betroubaar hulle dink die spreker is, wat sy sosio-ekonomiese agtergrond is en wat sy vlak van opvoeding is. Hoewel die spreker ’n begaafde taalverbruiker is wat in verskillende registers praat, dink die luisteraars dit is verskillende individue. Die “onaanvaarbare” aksente is negatief beoordeel.

Kopiereg voorbehou

9 "Dis nogal arrogant om te verwag ander mense moet soos jy praat," sê Anthonissen.

10 'n Gevoel van minderwaardigheid en selfbewustheid is dalk ook die rede waarom iemand doelbewus in 'n ander taal as sy/haar moedertaal sal praat. Toe Anthonissen per geleentheid vir 'n Afrikaanssprekende toonbankassistent vra waarom sy met haar Engels praat terwyl sy so mooi met haar kollegas Afrikaans praat, was die antwoord dat sy nie soos Anthonissen "deftige" Afrikaans kan praat nie.

11 "Daar is wel in Engeland in sommige beroepe beperkte werks- of bevorderingsgeleenthede as jou aksent nie reg is nie – 'n ander soort glasplafon. Die vraag wat die individu moet uitklaar, is of hy vrede moet maak met sy eie aksent en of dit aangepas moet word?"

12 Dis vir party mense net baie makliker om hul aksent te verander as om iets te doen aan die algemene persepsie daarbuite. Daar is mense wat op verskillende tye en by verskillende groepe in verskillende registers en aksente praat.

13 Dit lyk nie asof vooroordeel net tot lede van 'n spesifieke groep beperk is nie. Khanyi Tukani, 'n student, kla dat sy soms 'n snob of "*coconut*" genoem word omdat sy Engels praat soos wat sy praat. Natuurlik is hierdie kritiek onregverdig. Sy word dus nie uitgesonder omdat sy nie "goed genoeg kan praat nie, maar ironies genoeg omdat die manier waarop sy praat te "gesofistikeerd" is.

14 Politici gebruik aksente as 'n slaanstok om hul politieke opponente by te kom. Die term "twang" het 'n polities negatiewe betekenis – dit is 'n swart mens wat soos 'n witte probeer praat, dus iemand wat die aksent-uitwerking van sy eerste taal op sy tweede taal afgeleer het.

15 Wanneer iemand aangevat word oor hoe hulle praat, is dit deel van 'n magspel. Dis 'n politieke strategie om voorbeelde van iets wat as hovaardig oorkom te ondermyn. Daar is inherente mag in hoe mense taal gebruik en ander kan verkleineer word daardeur.

16 Vir komediante is aksente of kommentaar op aksente ook iets om te gebruik om mense te laat lag – of om politieke en sosiale kommentaar te lewer.


17 Diskriminasie op grond van uitspraak word ook in die letterkunde aangespreek.

18 Dalk is hier 'n les vir sprekers van alle dialekte en tale te leer: Aanvaar dit wat van buite af 'n invloed het as dit van waarde is. Maar omhels ook dit wat jou gevorm het. En moenie toelaat dat hoe jy met die taal omgaan die skepsel van ander se norme en waardes word nie.

[Aangepas uit www.marcbarnardcreative.com]

Kopiereg voorbehou 

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit *Die Taalgenoot*, Somer 2015]

## VRAE: TEKS A

1.1 Watter aanname word daar oor sogenaamde vreemde aksente en uitspraak volgens die subopskrif en paragraaf 1 gemaak? (1)

1.2 Watter wanidees/(persepsies) kan hierdeur gevorm word? (3)

1.3 Waarom kan aksentisme nie goedgepraat word nie? (4)

1.4 Herlees paragraaf 3 tot 5.

1.4.1 Noem kortliks dr. Baratta se bevinding van sy navorsing oor aksente. (1)

1.4.2 Gee TWEE redes waarom dit nadelig vir die persoon/persone kan wees. (2)

1.5 Wat het die Britte en Suid-Afrikaners in gemeen EN motiveer waarom dit gebeur? (2)

1.6 Herlees paragraaf 4 en 7.

1.6.1 Watter ooreenstemmende sienswyse huldig dr. Baratta en prof. Anthonissen? (1)

1.6.2 Dink jy prof. Anthonissen se navorsing het luisteraars om die bos gelei? Motiveer jou antwoord. (1)

1.7 Stem jy saam met Anthonissen se sienswyse dat dit arrogant is om te verwag dat ander mense soos jy moet praat? Motiveer jou antwoord. (1)

1.8 Kan dr. Baratta en prof. Anthonissen se sienswyses as geloofwaardig beskou word? Motiveer jou antwoord. (1)

1.9 Met watter dilemma word die werknemer in die werkplek gekonfronteer EN voor watter keuse kom hy/sy te staan? (2)

1.10 Wat sal ŉ positiewe gevolg vir Tukani wees indien sy NIE Engels op haar eiesoortige manier praat NIE? (1)

1.11 Wie gebruik aksente tot hul eie voordeel EN verduidelik die term 'twang'? (2)

1.12 Waarom word aksente gereeld in die politieke arena gebruik? (1)

1.13 Dink jy dit is geregverdig dat komediante aksente gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

1.14 Wat is die verband tussen aksente in Suid-Afrika en die res van die wêreld? Verskaf ook ŉ bewys hiervan. (2)

**VRAE: TEKS B**

1.15 Is die visuele aanduidings gepas om die tema van aksente, in ’n Suid-Afrikaanse konteks, uit te beeld? Gee ’n rede vir jou antwoord. (1)

1.16 Is die landsvlag met woorde daarop funksioneel om die spotprent te verstaan? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS A en TEKS B**

1.17 Die woorde van die persoon in TEKS B hou verband met van die kritiek wat in paragraaf 1 van TEKS A genoem is.

Bewys die korrektheid van hierdie stelling. (1)

1.18 Met watter woord in paragraaf 2 van TEKS A hou RAAMPIE 1 van TEKS B verband? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van **SEWE voorbeelde hoe jy jou selfbeeld kan bou en oefen.**

**LET WEL:**

1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in duidelike volsinne) in **paragraafvorm** aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming ŉ titel te gee nie.
4. Dui die **getal woorde** aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**BOU EN OEFEN AAN JOU SELFBEELD – NIEMAND ANDERS KAN NIE**

Hoe sien jy jouself? Hou jy van jouself? Volgens selfhelp-ghoeroes is niks so belangrik as hoe jy oor jouself dink nie. As jy jou eerste beste vriend is, het jy meer om aan ander te bied. Dis vandag so maklik om neerslagtig te raak, maar dis in jóú hande om ŉ gesonde lewensuitkyk te behou en ŉ goeie selfbeeld te kweek.

Hoe jy oor jouself voel, word in jou optrede weerspieël. Daarom is dit ook ŉ goeie idee om na jouself te kyk deur jou liggaam te versorg, te oefen, reg te eet, genoeg slaap te kry en mooi aan te trek. Die hele prentjie dra tot jou selfbeeld by, so tree met selfvertroue op.

Dit is maklik om op die negatiewe te fokus. Jy moet doelbewus op die positiewe fokus deur te waardeer wat jy het: die goeie dinge in jou lewe, hoe jou lewe soveel beter is as gevolg daarvan, die dinge waarin jy goed is. Dit sal jou ook help om take suksesvol te voltooi.

Daar sal ook duwweltjies oor jou pad kom. Sien dit as ŉ geleentheid om te oefen. Jy hoef nie daarop te fokus om perfek te wees nie. As jou lewe rigting het, sal dit jou doelgerig maak om na bereikbare doelwitte te streef en te werk om dit te bereik.

Maak vrede met kritiek. As jy seker is van jouself, sal jy nie omgee wat ander van jou te sê het nie en aanhou om jou doelwitte en drome na te streef ongeag ander se mening. Moenie jou ore uitleen nie en bewys aan jouself dat jy jou nie van stryk sal laat bring nie.

Leer jouself gesonde motiveringsgewoontes deur jou brein in die regte rigting te stuur. As jy byvoorbeeld die negatiewe stemmetjie hoor, herinner jouself waarheen jy op pad is. Sit elke dag vir twee minute en haal diep asem. Dink aan drie dinge van jou waarvan jy hou. So herlaai jy jouself positief.

Omring jouself met ondersteunende, opbeurende mense met positiewe energie. Die stene van jou selfbeeld moet net positiwiteit bevat. Leer ander om jou persoonlike grense te respekteer sodat jy nie die slagoffer word nie.

[Aangepas uit *Vrouekeur,* 10 Februarie 2017 ]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**



# HOKAAI! VERRASSING!

**Onderbreek jou reis. Neem ’n blaaskans en bly wakker.**

Padveiligheid gaan nié net oor nie drink en bestuur nie, dit gaan óók oor wakker bly op die pad. Dit is belangrik om van tyd tot tyd ’n blaaskans te neem – veral as jy vir lang afstande bestuur.

As jy agterkom dat dit bietjie moeilik raak om jou oë oop te hou, of om aandag te skenk, parkeer jou motor op ’n veilige plek en knip ’n uiltjie.

Dit is **beter** om jou bestemming laat te bereik as om glad nie daar aan te kom nie.

SANRAL

ARRIVE ALIVE

BUILDING SOUTH AFRICA THROUGH BETTER ROADS

www.sanral.co.za

Reg. No. 1998/009584/30 An agency of the Department of Transport

[Aangepas uit *Rapport,* 8 Desember 2019]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Gebruik die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in reël 1 in ’n sin van jou eie. Skryf dan die basisvorm/stam van hierdie woord neer. (2)

3.2 Gebruik die onderstreepte woord in reël 2 as ’n swak verlede deelwoord in ’n verklarende sin. (1)

3.3 Skryf die oorredende taal wat in reëls 3 tot 4 voorkom, neer. (1)

3.4 Wat is die geïmpliseerde betekenis van reëls 3 tot 4? (1)

3.5 Skryf ’n woord uit reël 6 neer waar palatalisasie plaasvind. (1)

3.6 Wat beteken die idioom in die onderstreepte sin in reël 7? (1)

3.7 Herskryf die onderstreepte sin in reël 8 in die aanvoegende wyse. (1)

3.8 Verskaf die stellende trap van die vetgedrukte (en onderstreepte) woord in reël 8. (1)

3.9 Wie is die teikenleser wat die adverteerder met hierdie advertensie wil bereik? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit *Die Burger,* 8 November 2019]

4.1 Benoem die onderstreepte bysin in RAAMPIE 1. (1)

4.2 Waarom word die woord “toffie” in RAAMPIE 1 met ’n dubbelkonsonant geskryf? (1)

4.3 Skryf die onderstreepte sin in RAAMPIE 2 oor in die lydende vorm. (1)

4.4 Waarom kan die seun se pa se woorde in RAAMPIE 2 as manipulerend beskou word? EN waarom berus die seun se woorde in RAAMPIE 3 op ’n aanname? (2)

4.5 Verskaf ’n gepaste sinoniem vir die onderstreepte woord in RAAMPIE 4. (1)

4.6 Verbind Jeremy se woorde in RAAMPIE 5 sodat dit uit slegs EEN sin bestaan. (1)

4.7 Brei Hammie se onderstreepte antwoord in RAAMPIE 7 uit met ’n bywoordelike bepaling. (1)

4.8 Gee EEN visuele bewys uit RAAMPIE 8 wat daarop dui dat Hammie se ma ontsteld is. (1)

4.9 Watter afleiding kan die leser maak na aanleiding van Hammie se sussie se woorde in RAAMPIE 9? (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**SALIGE STILTE**

1 Nou eendag sit ek in die geselskap van drie ouer vroue toe die onderwerp van selfone opduik, want die sein was sleg en dan voel dit mos of jy 'n ledemaat (5.2) kwyt is. Eintlik eerder etlike breinselle. Want jy besef eers hoe afhanklik jy van jou slimfoon geraak het wanneer jy nie (5.3) gou-gou iets kan "google" nie, reg? (5.4) Ek is oortuig dat die hel nie vlamme gaan hê nie, eerder 'n swak sein. Of stadige wi-fi. (5.5) Wat 'n smartlike gedagte.

2 (5.6) Party mense se fone klingel soos 'n dobbelmasjien. Onuitstaanbaar – en dan boonop in geselskap! Net meer as 'n jaar gelede het ek my foon se klank afgesit. En ek het nog nooit weer die luitoon aangesit nie.

3 Salige stilte. Dit was 'n wilsbesluit, want ek wou nie meer elke keer spring en my konsentrasie verbreek as 'n boodskap piep of die luitoon eggo nie. Dit was bevrydend. En 'n verligting. Dis erg hoe 'n mens se foon inbreuk kan maak op jou lewe!

4 Dit blyk *multitasking* lei hoegenaamd nie tot beter (5.8) produktiwiteit nie. Eintlik kry jy minder gedoen … Google dit (as jy 'n sein het).

5 Dis die begin van 'n nuwe dekade en hoewel ek my nie juis aan nuwejaarsvoornemens steur nie, is een elke tien jaar seker oukei. So hier's myne: Basta met *multitasking* – in 2020 doen ek een ding op 'n slag, behoorlik en met (5.9) onverdeelde aandag. En my foon se klank bly af …

[Aangepas uit *Tuis,* Januarie 2020]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf die eerste diftong neer wat in die eerste sin voorkom. (1)

5.2 Gebruik die onderstreepte woord in paragraaf 1 as 'n werkwoord in 'n duidelik verklarende sin. (1)

5.3 Benoem die funksie van die koppelteken in paragraaf 1. (1)

5.4 Wat is die funksie van die onderstreepte verbindingswoorde in paragraaf 1? (1)

5.5 Verander die onderstreepte sin in paragraaf 1 van gevoelstaal na neutrale taal. (1)

5.6 Benoem die taalverskynsel wat in die onderstreepte woord in paragraaf 2 kan voorkom. (1)

5.7 5.7.1 Waarom is dit noodsaaklik dat luitoon in paragraaf 2 as een woord geskryf word? (1)

5.7.2 Gebruik nou die ander skryfwyse in ’n duidelik verklarende sin. (1)

5.8 Is die onderstreepte woord in paragraaf 4 ’n voorbeeld van ’n afleiding / samestelling / saamstellende afleiding? (1)

5.9 Wat is die funksie van die onderstreepte agtervoegsel in paragraaf 5? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou